FMR Kuns: Lien Botha – haar tiende solo-uitstalling – *Yonder*

Bespreking deur Amanda Botha. Uitgesaai op Woensdag 2 April 2014.

Die kuns-fotograaf, Lien Botha, het vir haar tiende solo-uistalling die oorhoofse Engelse titel *Yonder* gekies. In Afrikaans beteken dit *daar* of *daar heen* – 'n beduidenis na iets wat sy ervaar, maar buite haar eie innerlike lewensgrense lê. Hier karteer sy verskillende reise oor 'n periode van twee jaar oor drie lande. Sy dokumenteer landskappe, omgewings wat bewoon en onbewoond is en *arte facte* in 'n natuur-historiese museum.

Wat sy aan die bod stel, kom voor as rariteite: besittings van mense soos 'n opgestopte leeu, 'n seleksie uit die uitstallings in Ditsong Natuurhistoriese Museum in Pretoria, 'n blik op beelde in speelparke en verlate landskappe en hul reste.

Wat uiteindelik deur kom, is dat sy die kyker in die fisieke reis intrek, maar nie sonder om jou te laat besin oor die betekenis en doel van tasbare dinge wat eens rigting en betekenis gegee het nie, selfs al is die fleur en die opwinding wat dit eens gehad het, daarmee heen nie en het dit as herinnering vervaag.

Dit is wat Lien Botha 'n uitsonderlike kunstenaar maak. Sy karteer 'n omgewing met vae aanwysings waarin sy die kyker innooi. Dit kom nie net neer as op die uiterlike waarneming nie. Dis 'n kartering van 'n innerlike begrip wat die behoefte verbeeld na verlangens van inhoude wat deur tyd, afstand en verandering buite bereik is. Opgestopte diere en sement namaaksels van bokkies moet vergoed vir die verlies aan die natuurlike staat – beide vir die dier en veral vir die mens wat dit as eienaar opeis.

Wat sy dokumenteer blyk vir die kyker ontwykend te wees, self onbegryplik, maar dit is juis wat opwindend word – om sin te maak van omgewings wat kenmerke dra van verlies en vervaagde herinneringe. Dit wil voorkom asof sy 'n soort privaat inventaris skep van objekte wat sy op haar reise gevind het. Fragmente van eens betekenisvolle dinge – objekte as besittings en diere in hul natuurlike habitat – maar nou uitgedien is. Niks dra meer die vonk van sy heelheid nie – dis 'n gevoel van lewe wat verby is, selfs nutteloos.

Botha nooi die kyker om sin te maak van die fragmente wat sy versamel het. Tog lyk dit asof wat sy met haar lens vasgevang het, saai en onbelangrik kan wees. Dis juis die illusie wat sy deur nadere betragting omkeer. Alles wat hier is, hét sin gemaak, wás belangrik, hét 'n plek gehad, maar nóú is die waarde daarvan gestroop. Nou is dit herinneringe wat inslaan op nostalgie na eens sinvol en mooi was.

Teenoor 'n gevoel van afgeleefdheid en vergetelheid, bv. die verwaarloosde begraafplaas op Kenhardt is daar 'n poëtiese beeld van skoenlappers wat in die uitstalruimte van die natuur-hsitoriese museum 'n vervlietende skoonheid oproep wat eens hul deel was. Dat die foto geneem is van skoenlappers in die diorama van die museum beduie dat hul bloot eksemplare van natuur-historiese waarde is, tog is hulle vir die kyker in die oomblik van betragting rieël en broos in hul skoonheid.

Dit is opmerklik hoe Lien Botha die diere in die museum en wat in privaat besit is, nie een lewendig nie, presenteer as 'n herinnering van die groter landskap en geskiedenis waarin die dier eens gestaan het.

Op 'n manier speel sy ook met stereotipes – die paradyslike bestaan, hetsy in die vorm van 'n opgestopte leeu nou tuis op 'n sementblad van 'n kusdorpse huis of selfs die plakkaat van parakiete en papagaaie om versterking te wees aan 'n muur van 'n pondok. Die meerderheid van die beelde in *Yonder* verwys na voëls of

diere – gestroop van wat hul natuurlike habitat sou wees. Inteendeel waar die diere of voëls geplaas is, wys verby hul natuurlike bestaan – dit dui eerder net op reste van wat eens was en onherroeplik verby is.

Die landskappe wat sy karteer is uitgedor en lyk asof dit van lewe ontneem is. Nêrens is daar water nie, tewens dus juis die afwesigheid van lewensgewende water wat dit alles tot stof maak. Die twee uitbeeldings van swembaddens is 'n voorbeeld van hoe die eens florerende simbool in onbruik val en uiteindelik net 'n herinnering word van 'n vervloë tyd toe mens en natuur kon floreer. Die een bad staan nutteloos, gekraak en vervalle. Verby menslike gebruik. Die tweede swembad het ironies 'n tydelike doel – die stoor van meubels wat ook nie meer in gebruik is nie – ook uit 'n vergange era.

Hierdie verliese van lewe is onherroeplik – niks kan hier herwin word nie. Dui dit dalk op wat Botha wil tuisbring dat die versnelling van klimaatsverandering so 'n vooruitsig inhou? Is dit dalk die besinning wat sy vra – ook ten opsigte van skaars natuurlike hulpbronne wat nie altyd as vanselfsprekend aanvaar kan word nie?

Twee werke om by te vertoef, is *Witdraai I* in die Kalahari. Wat jou dadelik tref is die wit sement swaan op die sand in die woestynagtige landskap. Heeltemal uit plek, iewers geplaas wat die simboliese swier van die swaan, ongedaan maak. Dit is nie in sig nie – dis verwerp. Dit word 'n nuttelose objek wat eens simbolies grasie en skoonheid verteenwoordig. Waar dit nou is, is dit finaal verwerp – dit lê buite bereik van wat sy doel eens was. Dit maak nie meer sin nie – ook nie meer saak nie. Weer eens wys dit op die deurlopende tema van verlies, verlies as daaglikse bondsgenoot.

Net 'n staaltjie: hierdie swaan het wel 'n geskiedenis. Eens die besitting van die kunstenaar Catherina Scheepers wat sy van Bethulie na die Kalahari geneem het. Op hul destydse plaas was dit ook eens 'n voorwerp van 'n Walter Meyer skildery. Verbeeld is die swaan wel, maar nou net 'n herinnering van bepaalde ervarings lank gelede wat nie meer saak maak nie. Nou in die konteks van Lien Botha se uitstalling, is die swaan 'n verworpene.

'n Werk wat my lank tot nadenke gestem het, is 'n foto van 'n foto van die NG Kerk aan die muur van 'n kerk in Richmond in die Karoo. Hoe gelaai is die beeld nie met inhoud nie. Die kerk as simboliese anker van van die plattelandse Afrikaners staan nou gestroop van sy waarde – nou net 'n beeld van 'n beeld van wat eens betekenisvol en invloedryk was.

Al die werke van Lien Botha dra gps ko-ordinate – so sou jy die spoor neem daarheen kon neem. Maar hierdie uitstalling en dié reis bied slegs uiterlike rigtings, wat minder beduidend is. Die uitstalling vra om innerlik gelees word: om stil te staan by wat ons daagliks uitrangeer en nutteloos maak – om in herinnering te bring wat as verlies afgeskryf is en opnuut die waarde wat dit eens gehad het te bedink.

Vir die geleentheid is 'n genommerde en getekende katalogus beskikbaar. Die essays van Virginia McKenny en Sonja Loots is insiggewend in hul verkenning van Lien Botha se kunstenaarskap.

Dit is 'n belangrike uitstalling – 'n hoogtepunt in Lien Botha se reeds bewese kunstenaarskap. Dit is 'n uitstalling wat meer as een besoek werd is. Dit word aangebied in die Barnard Galery, Mainstraat 55, Nuweland en kan nog tot 1 Mei besigtig word.